Vrydag **17 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 89**

**Fokusgedeelte: Psalm 89:2-5**

**Jou doop verseker jou van God se liefde en trou**

Jou doop lê baie ver terug in jou lewe, maar elke doop van ’n verbondskindjie wat jy gesien het, herinner jou aan jou eie doop en God se verbond met jou en die beloftes van daardie verbond. Die digter van Psalm 89 herinner jou dat God se verbond met jou beteken dat God sy liefde en trou aan jou beloof het.

Die digter laat in die psalm die klem val op God se verbond met Dawid. God beloof aan Dawid, die koning op die troon van Israel, dat daar vir altyd iemand uit sy nageslag op sy troon sal sit. Sy geregtigheid en reg en sy liefde en trou sal daarvoor sorg. Vers 34: Maar my liefde sal Ek van hom nie terughou nie, my trou nie verbreek nie. Vers 35: Ek sal my verbond nie versaak nie, nie een van my beloftes terugtrek nie. God sal sy liefde en trou beveel om sy beloftes aan Dawid waar te maak. Die digter laat almal opkyk na die hemel. Doen jy dit maar saam met hom. Rig jou gedagtes na waar God in die hemel woon en waar al die hemelbewoners voor Hom buig en op sy bevel reageer. Hy wat oor alles in die hemel regeer, is ook die Skepper van alles wat jy in die hemelruim en op aarde kan sien. Hy is die Almagtige wat sy beloftes aan die wat aan Hom behoort, wil en kan waar maak. Kyk maar elke aand op na die maan en elke oggend na die sonsopkoms. Net so seker as hulle daar sal wees, net so seker sal God se liefde en trou daar wees om sy beloftes waar te maak.

Gelukkig is hulle wat hulle vertroue op God stel, want Hy sal elke belofte aan hulle vervul. Jy kan maar saam met die digter daarop “Amen, ja, amen” sê. Dis waar en seker. God het sy liefde en trou beveel en in die volheid die tyd sy belofte aan Dawid vervul en die Koning op sy troon gestuur, naamlik ons Here Jesus Christus. Hy het deur lyde heen Koning geword. Deur sy lyde en sterwe aan die kruis het Hy vir jou sondeskuld volkome versoening gedoen.

As jy jou verlossing buite jouself in Jesus Christus soek is jy seker jou doop se beloftes is waar en amen in Jesus Christus. God se liefde en trou is vir jou soos die maan en die son elke dag daar. Hy sal al sy beloftes aan jou vervul. Gelukkig is jy as jy Hom daarin vertrou, want dan begin jy elke dag met ’n loflied oor God se liefde en eindig jy elke dag met ’n dankgebed oor God se trou.

*Sing: Psalm 89-1:1, 2*

*Ds. DJ (Daan) Bakker (Emeritus)*